

## Ingwe die luiperd vrygelaat ná operasie

2010-10-29 21:51

Seugnet Esterhuysen

Al moes hy 'n paar dae wag voordat hy weer vry kon rondloop, was dié wag vir 'n jong luiperd beslis die moeite werd.

Ingwe, 'n driejarige luiperdmannetjie, moes gister eers 'n tandoperasie ondergaan nadat hy sy regterslagtand seergemaak het by die Nasionale Dieretuin in Pretoria waar hy aangehou is.

Ingwe is Zoeloe vir luiperd.

Dié luiperd is sedert 14 Oktober in afsondering by die dieretuin aangehou nadat 'n inwoner van Boschkop, oos van Pretoria, hom in 'n bloekomboom op sy hoewe gewaar het.

Die Tshwane-natuurwagingsafdeling het hom dieselfde dag gevang en na die dieretuin geneem.

Dr. Gerrit Snyman het gister by Onderstepoort 'n wortelkanaalbehandeling op Ingwe uitgevoer.

Volgens dr. Adrian Tordiffe, 'n kliniese veearts by die dieretuin, het Ingwe hom beseer toe hy sy hok se ystertralie gebyt het om te probeer uitkom. "Dis eintlik 'n algemene besering. Luiperds beseer dikwels hul kloue of tande in aanhouding."

Ingwe is ná die operasie met 'n opsporingshalsband in die Mongena Game Lodge in die Dinokeng-natuurreservaat naby Hammanskraal vrygelaat.

Die Trust vir Bedreigde Natuurlewe (Endangered Wildlife Trust, of EWT) het dié nuwe tuiste vir hom voorgestel.

Die opsporingshalsband stuur drie keer per dag GPS-koördinate wat sy bewegings sal help monitor.



Vry: Kaatjie van die baan. (Foto: Alet Pretorius)

[Foto's](#) · [Lesersfoto's](#) · [Nuus in Foto's](#)  
[Stuur vir ons jou foto's](#) · [Stuur vir ons jou foto's](#)